

4

GOD SE LIEFDE

Ons gesin is lief vir mekaar

GESINSLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders leer dat gesinne op verskillende maniere saamgestel is en dat God se liefde dit vir lede van 'n gesin moontlik maak om in liefde saam met mekaar te bly.

SPEKIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- dat gesinne op verskillende maniere saamgestel is.
- dat God alle gesinne liefhet.
- dat ons mekaar binne ons gesin moet liefhê.

Gesindheid

Elke kind moet bereid wees om binne sy gesin –

- mekaar lief te hê en te waardeer.
- mekaar te vergewe.

Vaardigheid

Die kinders moet prakties iets gaan doen om waardering en liefde vir hul gesinslede te betoon.

MEER INLIGTING

Gesinne lyk vandag anders as waaraan ons vroeër gewoond was. Vroeër sou ons sê dat 'n gesin bestaan het uit 'n pa, 'n ma en een of meer kinders. Vandag weet ons dat 'n gesin wel so mag lyk, maar 'n gesin kan ook net 'n pa of 'n ma en een of meer kinders wees. 'n Gesin kan ook saamgestel wees met kinders uit meer as een huwelik wat saamwoon. Oupas en oumas kan dalk ook deel van die gesin wees.

In die verlede was die pa gewoonlik die broodwinner en die ma 'n huisvrou wat na die kinders se behoeftes omgesien het. Vandag sien ons dat albei ouers meestal werk en dat die gesin 'n aansienlike bedrag geld spandeer om die kinders buite die huisgesin op te voed. Die kinders gaan bedags na dagmoeders, bewaarskole of pre-primêre skole. Kinders word soms so vroeg as 'n maand na geboorte reeds deur iemand anders versorg. In die moderne gesin waar die moeder moet werk, sien 'n mens ook dat grootouers 'n rol speel in die opvoeding en versorging van die kinders.

'n Gelukkige gesin word nie geken aan sy samestelling nie. Met ander woorde, die tradisionele gesin is nie noodwendig 'n gelukkige gesin nie. 'n Gelukkige gesin is 'n gesin waar gesonde verhoudings tussen ouers onderling en ouers en kinders bestaan. Dit is 'n gesin waar gesinslede mekaar se belangstellings deel en werklik vir mekaar lief is. In 'n gelukkige gesin sal kinders gehoorsaam wees aan hul ouers en sal die ouers vir hul kinders 'n voorbeeld wees van hoe 'n gelowige die liefde van God in die wêreld uitdra.

Volmaakte gesinne bestaan nie, en juis daarom moet ons die liefde wat Paulus beskryf veral in ons eie unieke gesin uitleef. Binne die raamwerk van die gesin leer ons om liefde te beoefen en uit te leef, sodat ons sal weet hoe om dit in die kerk, die wêreld en teenoor alle mense te doen.

In Efesiërs 6: 1-4 word die Bybelse riglyne gegee vir die rol wat elkeen in die huisgesin moet speel. In hierdie gedeelte word die lief wees vir mekaar duidelik beklemtoon. Dit wat Jesus vir sy kerk doen, word as riglyn neergelê. Gesinslede moet met dieselfde gesindheid teenoor mekaar optree juis omdat hulle uit eerbied vir God leef. *Uit eerbied vir Christus, moet ons aan mekaar onderdanig wees.*

1 Korintiërs 13 leer ons ook hoe ons liefde behoort te wees. Hier word in die eerste plek beskryf hoe God se liefde lyk, veral toe Jesus onvoorwaardelik vir ons sy lewe gegee het. Elke eienskap wat daar vir liefde gegee word, is hoe Jesus se onvoorwaardelike liefde lyk: geduldig, vriendelik, nie afgunstig nie, nie grootpraterig nie, nie verwaand nie, ensovoorts. As gevolg van ons sonde is ons juis alles wat liefde nie is nie. Maar hoe kan die Bybel dan verwag dat ons moet liefhê? Die voorwaarde: Nou bly geloof, hoop en liefde... Sonder geloof is daar nie hoop op liefde nie. Geloof is jou verbintenis, jou verhouding met God. Daarom is ware liefde alleen moontlik as jou verhouding, jou verbintenis met God reg is. Daardie verhouding word tot stand gebring en sterk gehou deur besig te wees met die dinge van God: sy Woord, die kerk, ensovoorts.

Dus: Om waarlik lief te hê, binne jou gesin, jou kerk, die wêreld, oral, moet jou verhouding met die Here reg wees. *God is liefde.*

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- Wit A2-velle karton genoeg vir elke groep in die klas. (Sien IETS OM TE DOEN.)
- Soveel tydskrifte moontlik.
- Gom en skêre.
- Prestik.

KOM ONS BEGIN

Heet die ouers in die besonder welkom en open met gebed.

HET HULLE GEDOEN EN KAN HULLE ONTHOU?

Laat enkele kinders vertel –

- waar en wanneer dit aangenaam was om as 'n Christen op te tree, en waar en wanneer dit moeilik was.
- met wie hulle gepraat het oor wat 'n Christen anders as 'n ongelowige maak.

Kontroleer of hulle –

- die woorde van Kolossense 3: 16-17 ken: *Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing. En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.*
- die volgende feite ken:
 - As ons besef dat Jesus Christus vir ons sondes aan die kruis betaal het, leer ons dat God nie eise stel nie, maar sondaars verlos – dit maak ons gelukkig.
 - Die Heilige Gees gee deur sy kragtige werking aan ons die gawe om *goeie dade te verrig*.
 - Jou lewe verander van 'n lewe vir jouself na 'n lewe tot eer van God en in diens van alle mense.
 - In die plek van woede, haat, nyd, 'n gevloek, vuil taal en leuens kom *liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, nederigheid, getrouheid, goedhartigheid en selfbeheersing (Gal 5: 19-22)*.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Reeds in die Bybel leer ons iets van die uniekheid en belangrikheid van gesinne. Ons het 'n tradisionele beskouing van gesinne waar daar twee ouers en 'n kind of kinders is. In die moderne samelwing het die samestelling van gesinne dramaties verander. Ons moet besef dat gesinne ook in die Bybelse tyd anders gelyk het as dit wat ons as normaal beskou.

IETS INTERESSANT

Gebruik die besonderhede by MEER INLIGTING om Paulus se siening te verduidelik van hoe die liefde tussen man en vrou behoort te werk. Verduidelik ook die Bybel se siening oor liefde in die algemeen en hoe dit in die gesin toegepas behoort te word.

IETS BELANGRIK

- Gesinne lyk vandag anders as waaraan ons vroeër gewoond was.
- In die verlede was die pa gewoonlik die broodwinner.
- Die ma was 'n huisvrou wat na die kinders se behoeftes omgesien het.

- Vandag werk albei ouers meestal.
- Grootouers speel deesdae 'n belangrike rol in die opvoeding en versorging van die kinders.
- 'n Gelukkige gesin word nie geken aan sy samestelling nie.
- 'n Gelukkige gesin is 'n gesin waar daar gesonde verhoudings tussen ouers onderling en ouers en kinders bestaan.
- Gesonde verhoudings bestaan waar gesinslede mekaar se belangstellings deel en werklik vir mekaar lief is.
- In Efesiërs 6: 1-4 word die Bybelse voorskrifte gegee van hoe die verhouding tussen man en vrou in die huisgesin behoort te wees.
- In hierdie gedeelte word die liefde vir mekaar duidelik beklemtoon.
- Dit kan ook van toepassing gemaak word op gesinslede onderling.
- 1 Korintiërs 13 gee 'n beskrywing van hoe ware liefde lyk.

IETS OM TE DOEN

Deel in groepe op – twee-twee gesinne indien moontlik. Binne elke groep vertel hulle vir mekaar wie hulle is en hoe hul gesin saamgestel is. Laat hulle in die groep vir mekaar vertel wat hul gesin so besonders en uniek maak. Daarna kry elke huisgesin een of meer van die volgende temas in 1 Korintiërs 13: 1-13 om as 'n collage uit te beeld. Die verskillende huisgesinne gebruik die tydskrifte wat die kinders saamgebring het en soek na prentjies wat vertel van die tema en teksvers wat hulle gekry het. Hulle knip die prentjies uit, plak dit op die karton om 'n collage te maak, en die kinders kom verduidelik dan in die groot groep hoe die prentjies by die tema van liefde binne die gesin inpas. Laat hulle in gedagte hou dat ons hier te make het met God se liefde as voorbeeld vir ons liefde vir mekaar binne die gesin.

- 1 Korintiërs 13: 2 en 3: Al kan ek vir ander van God vertel, al ken ek my Bybel, al glo ek, al deel ek alles wat ek het uit en gee selfs my liggaam prys – sonder die liefde beteken dit alles niks.
- Vers 4: Die liefde is geduldig en vriendelik, dit is nie afgunstig nie, nie grootpraterig nie, nie verwaand nie.
- Vers 5: Die liefde handel nie onweloweglik nie, dit soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie.
- Vers 6: Die liefde verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid.
- Vers 7: Die liefde bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.
- Vers 8: Die liefde vergaan nooit.

BY DIE HUIS

DOEN

Laat die kinders –

- gedurende die week elke lid van hul gesin beskryf in terme van:
 - wie die gesinslid is.
 - wat die gesinslid vir hom of haar beteken.
 - wat hy of sy vir die gesinslid beteken.
 - hoe God se liefde hulle help om as gesin te funksioneer.

- gaan dink wie hulle seergemaak het en hoe hulle op hul eie manier daarvoor gaan vergoed.

LEER

Die kinders leer die woorde van 1 Korintiërs 13: 1: *Nou wys ek julle wat nog die allerbeste is: Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het geen liefde nie, het ek 'n stuk klinkende metaal, 'n galmende simbaal geword.*

AFSLUITING

Vra een van die ouers of kinders met wie vooraf gereël is om af te sluit met gebed.